



# BK's kan jou goed laat opdok vir belasting

In boedelbeplanning het beslote korporasies weinig waarde en die beweerde beskerming van persoonlike risiko's is die meeste van die tyd gewaande beskerming.

**E**k kyk vandeeweek na enkele kapitaalwinsbelastingkwessies rondom beslote korporasies (BK's) na aanleiding van 'n leser se vraag.

Hy skryf: "My skoonpa is oorlede en my skoonma het sy BK geërf. Die BK is nog in bedryf. Moet sy kapitaalwinsbelasting (KWB) betaal of nie?"

Rekenmeesters sê glo vir hom, "Nee, want sy is die gade en sy het die ledebelang geërf. Hulle sê verder dat sy KWB sou moes betaal as sy die eenhede (eiendom) sou verkoop en in kontant omsit. Al wat prokureur is, sê weer sy moet KWB betaal. Sels (die Ontvanger van Inkomste) het, telefonies, twee verskillende menings gehad," skryf hy.

Kom ons kyk. 'n Ledebelang in 'n beslote korporasie, net soos aandeelhouing in 'n maatskappy, is 'n bate in jou boedel. Dit is iets wat jy besit.

As jy die dag sterf, is die belang 'n bate in jou boedel en as sodanig vatbaar vir boedelbelasting teen 20%. Dit is ook 'n kapitaalbate en as sodanig vatbaar vir kapitaalwinsbelasting teen 'n ingeslote koers van 33,3% (sedert 2012) en belasbaar teen jou marginale koers. KWB is 'n aftrekking vir boedelbelasting.

Dit bring my by my eerste punt. Die gehamer op BK's en ander strukture in sogenaamde boedelbeplannings het baie keer meer te doen met 'n gesmous van BK's as wat dit met jou belange uit te waai het. In boedelbeplanning het dit weinig waarde. En wat betref die beskerming van persoonlike risiko's deur 'n BK te gebruik, baie daarvan is gewaande beskerming omdat jy maar gewoonlik die een is wat instaan vir, byvoorbeeld, die skuld van die BK.

Dit so terloops. Kom ons kyk liever na die belastingturksy.

Kapitaalwinsbelasting is ingestel vanaf 1 Oktober 2001. Skedule 8 van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) vervat die reëls waarvolgens hierdie belasting toegepas word. Die belasting word gehêf op die wins wanneer oor 'n kapitaalbate beskik word, of

wat geag word 'n beskikking (*disposal*) te wees.

Seker die belangrikste konsep in hierdie omgesukkelde stuk wetgewing is "basiskoste". En natuurlik "wins". Maar sonder 'n basiskoste kan daar geen kapitaalwins wees nie, en dus geen belasting nie. Jou basiskoste is, eenvoudig gestel, die prys waarteen jy die bate bekom het. Ek koop 'n huis vir R1 miljoen, dit is my basiskoste. As ek dit verkoop teen R2 miljoen het ek 'n wins gemaak van R1 miljoen.

Sekere uitgawes aangegaan, kan by die aankoopprys getel word, wat dan die nuwe basiskoste vorm. Ek koop die huis vir R1 miljoen, ek bestee R200 000 aan verbetering (nie instandhouding nie). My basiskoste is dus nou R1,2 miljoen en my wins sal dus minder wees, R800 000. Daarvan sal jy dan, ná die aftrekking van sekere vrystellings, 33,3% in ag neem, wat teen jou marginale koers belas word. Dié aftrekkings sluit in R30 000 per

**Die gehamer op BK's in boedelbeplanning het baie keer meer te doen met 'n gesmous van BK's as wat dit met jou belange uit te waai het.**

persoon per jaar wat verhoog tot R300 000 in die jaar wat jy sterf. Daar is ook 'n aftrekking van R2 miljoen vir 'n primêre woning.

Kom ons kyk nou na die leser se vraag. Sy skoonpa had 'n BK. Die BK is aan sy gade bemaak. Par. 67 van die agtste skedule sê dat enige bate wat aan 'n gade bemaak word, onderhewig is aan die oorrol van die basiskoste. Dit kom daarop neer dat daar geen KWB betaalbaar is by die afsterwe van die man wat sy bates aan sy vrou bemaak nie, ingesluit die belang in 'n BK. Let egter op dat dit die basiskoste is wat na die vrou oorgelê word, daar was geen vrystelling van KWB nie.

Die vrou sit nou met die ledebelang in die


BK en dit is net so 'n bate in haar boedel, soos ek hierbo genoem het. Wanneer sy sterf, of as sy die BK verkoop, is sy onderhewig aan KWB. Om dan die bedrag te bereken waarop sy KWB gaan betaal, gebruik ons die basiskoste soos wat dit was in die geval van die man. Daar is dus 'n verhoogde KWB (ons neem aan die bate het in waarde toegeneem sedert sy dit geërf het).

Die groot KWB-probleem met BK's is dat hulle gewoonlik gestig word met 'n waarde van R1,00. As daardie BK 'n klomp eiendomme en grond, soos in die leser se geval, aangekoop het, vorm die waarde van die bates wat aangekoop is, nie die basiskoste nie. Die basiskoste is R1,00.

Jy betaal dus KWB op die volle markwaarde van die BK, bereken vanaf R1,00.

As die BK van die eiendomme verkoop, sal die aankoopprys wel as basiskoste geneem word, maar anders as in die geval van 'n persoon, is die ingeslote koers vir BK's 66,6% (dubbel soveel), wat dan belas word teen 28% en 'n effektiewe uiteindelijke belasting van 18,6% tot gevolg het.

As jy nou daardie geld uit die BK in jou eie sak wil kry, gaan jy 'n verdere 15% aan dividendbelasting daarop betaal. Jy het dus nou 30,8% belasting betaal om die geld uit die verkoop van 'n bate – waarvoor jyself waarskynlik betaal het – in jou sak terug te kry. In jou eie naam sou dit hoogstens 13,3% gewees het. Finansiële nie baie slim nie, nê?

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkte-verskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* 

**Navrae:** Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com).